# 16 September 2023 - Lesing 128 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Suiwer waarheid - Die Woord van bo – 13/2/60

**NO: 7521** Julle moet altyd net vashou aan My Woord. En as daar aan julle geestelike inligting gegee word uit ander bronne, toets dan of dit ooreenstem met My regstreeks meegedeelde Woord aan julle **en verwerp wat dit weerspreek.**

Want wat My Gees aan julle verkondig is suiwer waarheid, wat julle kan onderskryf as suiwer waarheid te alle tye. Julle hoef nie te vrees om valsheid te versprei solank as julle hou by wat Ek aan julle van bo oorgedra het nie.

Want omdat dit My wil is dat die waarheid onder die mense versprei sal word, sal Ek ook sorg dra dat julle dit ontvang en Ek sal Myself altyd slegs uitdruk deur die gees waar die waarborg gegee word dat dit ontvang en deurgegee sal word sonder verandering. En Ek weet of en wanneer dit moontlik is, en dit is waarheen My Gees sal vloei.

Ek wil hê dat julle mense in die waarheid leef. Maar Ek weet ook hoeveel My teenstander julle beïnvloed, **wat altyd sal probeer om die waarheid te infiltreer met valsheid.** Ek weet wie die waarheid begeer en waar My teenstander min invloed het. En so weet Ek ook wanneer die versoek om waarheid My die geleentheid gee om haar oor te dra na die aarde en haar op haar beurt deur te gee aan ander mense indien hulle net die wil het om die waarheid te dien. Ekself het die Evangelie aan mense verkondig toe Ek op aarde geleef het en hulle het net die suiwer waarheid van My ontvang, ongeag van wat Ek hulle geleer het.

Net so kom die suiwer waarheid weer uit My te voorskyn, en dit verg bloot 'n begeerte en ‘n oop hart om haar te ontvang en haar te evalueer as waarheid. **Maar dan sal sy ook lig versprei**, en die kenmerk van die waarheid is dat die mens daarna sal groei in insig, dat hy die soort kennis sal verkry wat hom sal verlig, wat slegs die waarheid in staat is om te bereik. Elke onwaarheid veroorsaak egter **verwarrende denke**; sy verduister die gees en kan nooit aangename gevolge hê nie.

Enigeen wat die waarheid begeer, sal ook die seën van die lig voel. Iemand wat in dwaling leef, is nie daarvan bewus nie, maar hy leef in die duisternis van gees. Geen persoon sal egter in staat wees om te kan sê dat die waarheid onverkrygbaar was nie, dat sy nooit vir mense toeganklik gewees het nie. **Almal wat die waarheid ernstig begeer en in kontak kom met My sal in staat wees om haar ontvang.**

En dit is nou duidelik oorgedra aan julle deur My Woord van bo en julle kan dit dan altyd ondersoek tot watter mate die geestelike kennis wat aan julle gegee word deur uiterlike bronne ooreenstem daarmee om dan ook te weet of hulle die waarheid het.

Want wat Ek aan julle oordra Myself kan nie iets anders as die Waarheid wees nie, **wat julle in hoë agting moet hou** en nooit weer laat vaar nie, want sy is 'n ongelooflike belangrike gawe van genade wat poog om mense se geestelike nood op te los, wat poog **om julle in 'n toestand van lig en krag te plaas** en help om julle siel ryp te laat word, en wat vir julle aangebied word deur My groot Liefde, sodat julle nie in geestelike duisternis sal bly voortleef nie.

My gees daal op julle neer, Sy giet haarself in 'n oop houer en bly dit opnuut vul. My Gees gee julle die Waarheid wat slegs kan ontstaan vanuit My en dus kan die geestelike inligting ook met vertroue gehandhaaf word as die waarheid teenoor ander mense, want geen onware geestelike inligting van My af kan uitgaan nie.

En dat dit vanuit My kom, word herhaaldelik bewys deur die feit dat My menslike manifestasie en My daad van Verlossing **voortdurend genoem word**.

Dat Ek Myself, julle God en Vader, Jesus Christus julle Verlosser, naby aan julle is om van Myself te getuig. Julle kan buitengewone aktiwiteite aanvoel en kan dus aflei dat 'n geestelike krag aan die werk is. En dit sal ook maklik vir julle wees om te erken dat hierdie geestelike krag goddelik is, aangesien julle voortdurend **opdrag gegee word om lief te hê** en julle word bewus gemaak van die feit **dat Jesus Christus julle enigste en belangrikste doel behoort te wees**.

En daarom kan julle ook glo wat oorgedra word aan julle **deur My Gees**, want die ewige Waarheid Haarself kom naby aan julle en onderrig julle, want Sy wil hê dat julle in die waarheid leef. Amein.

***Johannes_14:6*** *JaHWèshua antwoord hom:* ***Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe;*** *niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.*

*Joh 8:31 En JaHWèshua sê vir die Jode wat in Hom geglo het:* ***As julle in My Woord bly****, is julle waarlik My studente.*

*Joh 8:32 En julle sal die Waarheid ken,* ***en die Waarheid sal julle vrymaak.***

***2Esra_5:1*** *WAT die tekens betref, kyk, die dae sal kom dat hulle wat op die Aarde woon vasgevang sal wees deur groot rykdom en* ***die Weg van die Waarheid verborge sal wees*** *en die Aarde sal sonder geloof wees.*

*2 Johannes 1:1 DIE oudste aan* ***die Uitverkore Vrou en aan Haar kinders - wat ek in Waarheid liefhet****, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die* ***Waarheid*** *leer ken het;*

*2Jn 1:2 ter wille van die* ***Waarheid wat in ons bly*** *en by ons vir ewig sal wees* **-**

*2Jn 1:3 Guns, Barmhartigheid, Vrede sal met julle wees van Elohim; die VADER en van onse Meester JaHWèshua die Gesalfde, die Seun van die VADER,* ***in Waarheid en Liefde.***